STRENG VERTROULIK.

VERSLAG WERKSAAMHEDE EVANGELIS SASOLBURG.

Die Voorsitter en lede,
Die S.A.S.K.,
BLOEMFONTEIN.

Weleerwaarde heer en broeders,

Graag wens ek die volgende verslaggie aan u voor te lê in verband met die werk van die evangelis, Edward Tjamela, te Sasolburg gedurende die jaar 1954.

1. ARBEIDSVELD:

Sedert ek laas rapport aan u gelewer het in verband met die werk van die evangelis, het sy arbeidsveld tot 'n mate verander. Voorheen was hy verantwoordelik ook vir die bearbeiding van die bantoe op die omliggende plase wat in die area van die moedergemeente Sasolburg val. Vanaf ongeveer September verlede jaar is sy arbeidsveld egter beperk tot die kamponge; enkel en getroude kwartiere en die hospitaal. Ons was verplig om so te reel omdat die owerheid van Sasolburg verlang het, dat hy volle aandag aan die kamponge en verskillende naturelle-kwartiere moet gee. Daar bestaan tans 1 kampong en 'n Lokasie by die Sigma-myn vanwaar die fabriek sy steenkool kry. Dan bestaan daar 1 groot moderne permanente kampong; en 1 groot tydelike kampong, asook 'n lokasie, naby die fabriek. 'n Groot lokasie wat reeds vroeg verlede jaar voltooi is, word tans deur blanke huisgesinne bewoon weens die skaarsheid van wonings vir blankes.

Weens hierdie reeling geniet die evangelis nou 'n absolute vrye toegang tot alle kamponge en woonbuurtes en tot elke huis al behoort die inwoners van daardie huis nie aan ons kerk nie.

2. AKTIWITEITE EN BEDRYWIGHEDE VAN ANDER KERKE EN SEKTES.

Gedurende verlede jaar het verskillende kerke en sektes, waaronder die Roomse kerk, Die Anglikaanse kerk, die Wesleyaanse kerk en Sionistiese sektes met krag by Sasolburg begin optree en hulle eise om sekere voorregte gestel. Om verskillende redes wat ons nie kan noem nie, het die Kampongbestuurder nie sy weg oopgesien om dieselfde voorregte aan al hierdie kerke te gee nie. Hierdie kerke het egter toe met die vinger na ons kerk gewys wat 'n voltydse evangelis aldaar het en die feit genoem dat die evangelis 'n vrye woning ontvang. Om verdere moeilikhede te voorkom, was die Kampongbestuurder genoodsaak om by sy bestuur aan te beveel dat geen amptenaar van enige kerk toegelaat word om op die gronde van Sasolburg enige kerklike werk te doen nie. Aan die anderkant het die Kampongbestuurder en verskeie hoofde van Sasolburg egter gevoel dat hulle die werk en invloed van ons evangelis onder die naturelle nie wil verloor nie. Dit is toe gereel dat die evangelis beskou sal word as 'n Welsynsbeamote in diens van Sasol en dat hy asulks aldaar bekend sal staan, maar dat hy in werklikheid die werk van evangelis sal doen. Hy is dus nog altyd ons evangelis en doen die werk van 'n evangelis aldaar. Hy arbei daar onder toesig van die Sendingkerkraad van Parys en onder my direkte toesig. Maar hy is geregistreer in Sasol se boeke as hul Welsynsbeampte. Hoewel daar miskien gevoel kan word dat dit nie 'n gesonde reeling is nie kon ons onder omsatndighede niks anders doen nie. Indien ons nie so 'n reeling aangegaan het nie, moes ons die evangelis aldaar weggwyder.

Graag wil ek hê dat die Komissie twee dinge moet [illegible] irsien: 1). die besonder moeilike posisie waarin die Kampong-bestuurder verplaas is weens die eise en dreigemente van die ander kerke. (Miskien kan ek meld dat een van die sewe groottes van Sasol 'n hoomskatoliek is.) 2). Die besonder simpatieke gesindheid van die Kampongbestuurder en ander hoofde teenoor die werk van ons kerk aldaar.

3. Die Huidige Posisie:

Die Toestand in verband met ons sendingwerk te Sasolburg is op die oomblik dan die volgende:

a). Ek self mag geen dienste of bidure hou of enige besoekwerk doen in die Bantoe-kwartiere van Sasol, tensy ek spesiaal deur die Kampongbestuurder daarom versoek word.

b). Die evangelis mag geen DIENSTE in die bantoe-kwartiere hou nie. Hy mag wel bidure daar hou.

c). Die evangelis kan alle kamers en wonings besoek, alle siekes, insluitende die siekes in die hospitaal. Sy vrou kan bidure hou. Hyself hou alle begrafnisse.

d). Die kerkraadslede wat daar woonagtig is kan ook bidure hou.

(Ek kan net sê dat die bidure wat gehou word byna geheel en al dieselfde is as die dienste wat die evangelis voorhee gehou het).

Geen Priester, of leraar van enige ander kerk word toegelaat om enige kerklike werk in die Bantoe-kwartiere te doen nie. Die kerklike bantoe-leiers of voorstaanders van die ander kerke wat in die kwartiere van Sasol woonagtig is het egter ook reg om vir hulle mense bidure te hou.

e). Gelukkig woon 'n ouderling van die sendinggemeente op 'n plaas net langsaan Sasol. Ons hou dan nou al ons nagmaal--dienste daar. In sy huis word ook elke Sondagmiddag 'n diens gehou. Een Sonday elke maand hou ekself ook 'n diens aldaar. Die mense wat in die bantoe-kwartiere van Sasol woon,word dan aangemoedig om daarheen te kom. 'n Betreklike groot getal van ons lidmate woon dan die dienste by hierdie huisie by. Deurdat die huisie egter baie klein is, moet die dienste gewoonlik buite voor die huisie gehou word, in son en reen want daar is geen skuiling nie.

f). 'n Nuwe lokasie is reeds uitgelê, maar die uitleg is nognie goedgekeur nie. In daardie uitleg sal daar perseële vir kerkgeboue ens wees. Ons het reeds aansoek gedoen vir 'n perseel. Sodra die uitleg goedgekeur is, en ons 'n perseel verkry, sal ons daarop die nodige geboue kan oprig en dan val die tansbestaande reeling.

4. HUIDIGE WERKSAAMHEDE VAN DIE EVANGELIS:

a). Besoekwerk: Dit vorm tans die grootste gedeelte van sy werk. Elke oggend word die hospitaal wat 22 beddens het en net vir bantoe is deur hom besoek. Ook word elke kampong en getroude kwartiere elke dag deurgegaan om uit te vind of daar siekes is. Op hierdie manier is hy ook instaat om gedurig met ons lidmate in aanraking te bly.

b). Bidure: Hyself hou elke Sondag in die eetsaal by Sigma myn 'n biduur. Gedurende die week word bidure in sy huis gehou. Een keer per week reel hy en sy vrou 'n vroue-biduur vir al die vrouens van die getroude-kwartiere. Hierin word hulle bygestaan deur die eggenote van die Kampong-bestuurder.

c). Organisasie: Oor die werk van die 4 kerkraadslede hou hy toesig en staan hulle by. Onder sy toesig word die katkisasie-klas ook waargeneem.

5. STATISTIEK:

Volgens die jongste uitgawe van SASOL-NUUS is daar tans 4,547 bantoe op Sasolburg woonagtig. Onder hierdie mense het ons

Die meeste van hierdie mense is egter tydelike werknemers. Hulle is gedurig in beweging en wissel gedurig. Slegs 'n geringe groep is permanente inwoners. Selfs ons lidmate trek gedurig. Dit is 'n algemene verskynsel dat ongeveer een derde van ons lidmate by elke nagmaal persone is wat sedert die laaste nagmaal daar ingetrek het; terwyl ongeveer een derde van die lidmate wat by die vorige nagmaal was weer vertrek het.

6. BESOLDIGING VAN EVANGELIS:

Ons sal hierdie jaar nog gebruik moet maak van die (S.A.S.K.se) maandelikse bydrae van £5 om die evangelis te kan besoldig.

7. BEPLANNING VIR DIE TOEKOMS:

Soos ek reeds in my vorige verslag gemeld het, sal U Kommissie vir ons moet help om vir die volgende dinge in die toekoms te beplan:

a). Geboue: Geboue sal in die nabye toekoms moet opgerig word. Onder hierdie geboue bedoel ek: Kerkgebou, Evangeliste-woning; en woning vir 'n sendeling. Hoewel die moedergemeente Sasolburg ook sal moet bydra, sal sy nie alles kan doen nie. Inteendeel deurdat sy nog self al haar geboue moet oprig, sal sy seker net 'n geringe deel vir die doel kan bydra. Hierby wil ek ook voeg die perseel vir 'n sendelings-woning. Hierdie perseel sal gekoop moet word.

b). Konsolidering: Hoewel hierdie woord miskien nie die regte is nie, druk dit tog my gedagte die beste uit. My bedoeling is dat die sendingwerk te Sasolburg saamgetrek moet word met die sendingwerk te Viljoensdrif en Clydesdale. Ek wil nie praat van 'n werklike stigting van 'n gemeente nie, hoewel dit miskien later kan geskied. Ek wil ook nie praat van 'n groepering nie omdat daar in die verband probleme mag wees. Maar tog voel ek dat die werk van hierdie drie punte bymekaar hoort en as 'n geheel gedoen moet word. Om dit te bereik sal daar beplan moet word.

Miskien sal die volgende gegewens vir u lig werp op my gedagte:

CLYDESDALE: Tans 1 Kampong met ongeveer 1,000 Bantoe. Dit is nognie bekend hoeveel Bantoe die nuwe kragstasie in diens sal hê nie. (Volgens nuus-blaaie sal daar binnekort nog 'n groter kragstasie opgerig word.

VILJOENSDRIF: 4 Kamponge met elk 2,000 Bantoe - 8,000.
1 Woonbuurt met ongeveer 1,000 Bantoe.

Volgens die sendeling van Stofberggedenkskool onder wie Viljoensdrif en Clydesdale tans sorteer het ons kerk op hierdie twee punte ongeveer 90 lidmate.

As u dan daaraan dink dat op hierdie industriele kol dus (Sasolburg ingesluit) ongeveer 15,000 bantoe woon, en u dit gaan na wat ons kerk in verband met die sending daar doen, sal u met my saamstem dat ons in werklikheid byna niks doen nie. Hierdie drie punte in die kol hoort bymekaar en moet gesamentlik bearbei word deur een sendeling en 'n aantal evangeliste. Dit is wat ek bedoel met die konsolidering van hierdie werk. Tant sooos sake tans staan word die sendingwerk op hierdie baie belangrike punte gedoen deur 1 sogenaamde voltydse evangelis (Edward Tjamela) wat te Sasolburg werk onder sekere beperkinge, en verder deeltydse evangeliste van Stofberg, te Viljoensdrif en Clydesdale. Die toesig word gehou deur sendelinge wat ver van hierdie 3 belangrike punte woon en slegs 1 uit die 3 sendelinge is voltyds in die werk.

U sal dus met my saamstem dat dit werklik 'n kol in die Vrystaat is wat roep, om meer belangstelling , meer ondersteuning en deegliker beplanning. Soos sake tans staan, val hierdie area in die gebiede van twee moedergemeentes wat self finansieel baie swaar kry. In werklikheid is een van die twee gemeentes 'n hulp--behoewende gemeente.

Mag ek dan vra dat U geagte Kommissie sy ernstige en simpatieke aandag aan hierdie kol gee. Ek weet u sal.

8. ALGEMEEN:

U sal merk dat hierdie verslagtie in werklikheid baie min handel oor die werksaamhede van die evangelis. Weens die huidige posisie aldaar het ek gevoel om liewer inligting aan u mee te deel in verband met daardie posisie.

Graag wil ek baie, baie vriendelik maar tog ook baie, ersntig vra dat U Kommissie hierdie verslag as baie vertroulik sal beskou. Ek bedoel hier veral punte 1 tot 4. Dit i Die inhoud van punte 1-4 is geensins vir die buitewereld bedoel nie. Dit is alleen vir die informasie van die lede van die Kommissie. Indien hierdie informasie buite die kommissie aan andere vertel sal word, en dit moet versprei á, sal dit vir ons oneindige moeilikhede gee. Die plaaslike sendingkommissie, wou dit selfs nie hier plaaslik aan die moeder en sendingkerkrade bekend maak nie, uit vrees dat die ander kerke daarvan te hore sal kom. Ek wou egter die kommissie in my vertroue neem. Daarom het ek dit aan u meegedeel.

Die uwe in Sy diens,

PARYS.
27 Januarie 1955.